

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur

100 punte

LEES DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n Addendum van 10 bladsye (i–x). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. In hierdie vraestel is daar drie afdelings:

AFDELING A: Begrip, Taal en Styl	(50 punte)
AFDELING B: Poësie	(30 punte)
AFDELING C: Visuele Geletterdheid en Kritiese Taalbewustheid	(20 punte)
 3. Beantwoord AL die vrae in Afdeling A en C.
 4. In Afdeling B is daar een keusevraag, nl. Vraag 5 of 6. Beantwoord dus drie vrae in hierdie afdeling: Vraag 4 (verplichtend), Vraag 5 of 6 (kies een) en Vraag 7 (verplichtend).
 5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genummer is.
 6. Begin elke vraag **boaan 'n nuwe bladsy**. Rofwerk moet duidelik aangedui word.
 7. Laat 'n reël oop tussen antwoorde en skryf slegs binne die kantlyne.
 8. Lees die instruksies by ELKE vraag noukeurig deur en voer die opdragte presies daarvolgens uit. Let op die puntetoekenning by elke vraag en gebruik dit as riglyn vir die antwoord se lengte.
 9. Langs die nommer van sommige vrae kom die afkorting **MS** voor. Dit beteken dat daardie spesifieke vraag met 'n **metingskaal** nagesien sal word. Jou antwoord moet 'n uitgebreide paragraaf wees, aangesien jou vermoë om te argumenteer en inligting te integreer, beoordeel sal word.
 10. Skenk aandag aan taalversorging.
-

AFDELING A BEGRIP, TAAL EN STYL**VRAAG 1 BEGRIP, TAAL EN STYL**

Lees Deon Meyer se teks "Daar's 'n sissie in elke 4x4" (Teks 1 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

- 1.1 Die skrywer weet dat sy stelling oor vier-by-vierders (paragraaf 1) sterk reaksie by lesers sal ontlok. Waarom waag hy dit tog om hierdie stelling in die openbaar te publiseer? Verskaf TWEE redes. (2)
- 1.2 Lees die volgende twee aanhalings uit die teks en **verduidelik** waarom die skrywer in EEN van hierdie twee gevalle ekstra inligting tussen hakies byvoeg:
- " 'n man (of vrou) se ryding" (paragraaf 2)
 - "ons voorvaders (of dit nou Piet Retief of Shaka was)" (paragraaf 7) (2)
- 1.3 Bespreek die samehang tussen paragrawe 3 en 4. Verwys ook na die funksie van die dubbelpunt aan die einde van paragraaf 3. (2)
- 1.4 **MS** Bespreek die ironiese effek van "die Origami-lesse of die kindersielkundige" as voorbeelde om die skrywer se argument in paragraaf 4 te ondersteun. (3)
- 1.5 Verduidelik die effek van die gebruik van die direkte rede asook die vraag in paragraaf 5. (2)
- 1.6 Skryf 'n **sinoniem** vir "snoesig" (paragraaf 6) neer. (1)
- 1.7 Waarna verwys die "Donker Kontinent" (paragraaf 7)? Verduidelik die **humor** wat met hierdie benaming in die konteks van die hele leesstuk geskep word. (2)
- 1.8 Verduidelik waarom die skrywer enumerasie in paragraaf 8 gebruik. (1)
- 1.9 Verduidelik hoe die ellips in paragraaf 9 op TWEE maniere geïnterpreteer kan word. Betrek die **hele** paragraaf 9 in jou antwoord. (2)
- 1.10 Hoe pas die **vergelyking** in paragraaf 11 by die gebruik van **verkleinwoorde** in dieselfde paragraaf? (2)
- 1.11 Hoe pas paragraaf 1 en paragraaf 12 **vormlik én inhoudelik** by mekaar? (2)
- 1.12 Waarom verwys die skrywer soveel meer na **sintuiglike** ervarings in paragrawe 13 en 14 as in die eerste twaalf paragrawe van die teks? (2)
- 1.13 Verduidelik die woord **heelhuids** in die konteks van paragraaf 14. (1)
- 1.14 Hoe rond die skrywer sy teks in die slotparagraaf af? (1)

[25]

VRAAG 2 **BEGRIP, TAAL EN STYL**

Lees die webbladteks oor Michael Ende se roman *Momo* (Teks 2 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

- 2.1 Watter element van die voorbladontwerp ondersteun die beskrywing van die roman in paragraaf 1? (1)
- 2.2 Verduidelik waarom baie mense mag dink dat Momo nie die regte persoon is om die stad teen die gruwelike grys menere te beskerm nie. (2)
- 2.3 In paragraaf 2 word beeldryke werkwoorde gebruik:
- Die grys menere **ruk op**.
 - Momo **beteuel** die mag van die tyddiewe.
- Kies EEN van hierdie werkwoorde en verduidelik die **beeld** wat geskep word en die **emosie** wat by die leser ontlok word. (2)
- 2.4 Hoekom kan 'n mens sê dat Helene de Villiers goed gekwalifiseer is om hierdie **spesifieke** roman te vertaal? (1)
- 2.5 Die volgende inligting word verskaf op die Afrikaanse Wikipedia:
- 'n **Moederbord** in 'n rekenaar is 'n gedrukte stroombaanbord met elektronika waarop ander stroombaanborde gemonteer kan word. Vandaar die naam, *moeder-* of hoofbord. Al die verskillende dele van die rekenaar is aan die moederbord verbind. Dit verseker dat al die komponente as 'n geheel kan saamwerk.
(Bron: <<https://af.wikipedia.org/wiki/Moederbord>>)
- In sy kommentaar op die webblad gebruik CHW die term "moederbord" metafories. Skryf nou **die eerste sin** van sy kommentaar oor MET behoud van betekenis, maar **SONDER** metaforiese taalgebruik. (2)
- 2.6 Hoe suggereer Gifappeltjie se **naam** dat die kommentaar bes moontlik negatief sal wees? (1)
- 2.7 Lees die onderstreepte sin in paragraaf 6.
- 2.7.1 Noem **TWEE** maniere waarop die skrywer seker maak dat lesers die negatiewiteit van die opmerking besef. (Moet nie onderstreping noem nie; die eksaminator het dit bygevoeg.) (1)
- 2.7.2 Skryf die onderstreepte sin oor in die **lydende vorm**. (1)
- 2.7.3 Watter vorm werk die beste vir hierdie sin in hierdie paragraaf: die bedrywende of die lydende vorm? Motiveer jou antwoord. (1)
- 2.8 **MS** Vir watter een van die twee kommentators se opmerking sou jy 'n "like" gee? Verwys na al twee kommentators in jou antwoord. Gebruik inligting uit die hele teks om jou argument te ondersteun. (3)

[15]

VRAAG 3 TEKSVERWERKING**Situasie:**

Jy en 'n paar vriende gaan na afloop van julle matriekeksamen vir 'n week saam vakansie hou.

Jy voel al lankal ongelukkig oor hoeveel plastiek mense gebruik en veral weggooi, asook die impak wat dit op die omgewing het.

Jou siening word versterk deur Anélle Tewson se tydskrifartikel "Dis nuut en nou" (Teks 3 in die Addendum).

Opdrag:

In 'n e-pos aan jou vriende sluit jy 'n paar paragrawe in oor hoe julle julle plastiekvoetspoor tydens julle vakansie kan verklein.

- In een paragraaf verskaf jy jou **motivering** hiervoor.
- In 'n tweede paragraaf verskaf jy voorstelle oor hoe julle deur wat julle **koop** 'n verskil kan maak.
- In 'n derde paragraaf verskaf jy voorstelle oor hoe julle op 'n meer sinvolle manier met **plastiekafval** kan werk.

Let wel:

- 'n Opskrif is onnodig omdat jy paragrawe in 'n e-pos skryf.
- Jou drie paragrawe moet saam tussen 90 en 100 woorde lank wees.
- Dui jou **totale** woordtelling onder jou teks aan.
- Tel alle woorde, ook lidwoorde (**die** en **'n**).
- Jou **inhoud** mag uitsluitlik uit die teks kom – moenie jou eie idees of voorstelle byvoeg nie.
- Jy behoort in totaal 8 tot 10 feite in jou drie paragrawe in te sluit.
- Jou **toon** kan informeel wees, maar sleng, SMS-taal en WhatsApp-taal sal nie aanvaar word nie.
- Jy mag EEN Engelse woord in jou drie paragrawe gebruik (maar jy hoef nie as jy nie wil nie).
- Jou paragrawe sal met 'n metingskaal beoordeel word.

[10]

50 punte

AFDELING B POËSIE**VRAAG 4 VOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG**

Lees die gedig "n brief van hulle vakansie" deur Breyten Breytenbach (Teks 4 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

- 4.1 Wat impliseer die spreker oor homself in **versreël 1 en 5** en hoe sluit dit aan by die **inhoud van die eerste twee strofes**? (2)
- 4.2 **MS** Trixie se dood word nie uitsluitlik as 'n tragedie uitgebeeld nie. **Verduidelik** watter positiewe gevolg van dié hartseer gebeurtenis in die gedig beskryf word. Ondersteun jou antwoord met aanhalings uit die gedig. (3)
- 4.3 Watter kontras skep die spreker tussen sy pa en sy ooms? Verwys spesifiek na versreël 13 en 14, asook versreël 25 tot 28. (2)
- 4.4 **MS** Hoe ontwikkel die spreker se insig in sy pa? Betrek die titel, subtitel en die hele gedig in jou antwoord. (3)
- 4.5 **MS** Hierdie gedig van Breytenbach kan gesien word as tegelyk sterk **outobiografies én universeel**. Verduidelik hierdie stelling met verwysing na spesifieke elemente in die gedig. (3)

[13]

VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

Lees die gedig "Die kind wat doodgeskiet is deur soldate by Nyanga" deur Ingrid Jonker (Teks 5 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

- 5.1 Hoekom lig die kind sy vuiste teen sy ouers (versreël 2 en 6)? (2)
- 5.2 **MS** Hierdie gedig is reeds in Maart 1960 geskryf, en is in 1963 in 'n digbundel gepubliseer. Tog word dit steeds met waardering gelees. Wat, dink jy, is die **universele boodskap** van hierdie gedig? (2)
- 5.3 **MS** Jonker se gedig, asook "Ode" van Johan de Jager (Teks 6 in die Addendum), druk 'n bepaalde siening van die kontinent Afrika uit. Watter gedig pas die beste by jou eie siening van hierdie kontinent? Motiveer jou antwoord. (3)

OF**VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG**

Lees die gedig "Ode" deur Johan de Jager (Teks 6 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

- 6.1 Waarom praat die spreker soveel meer van "ek" as van "ons"? (2)
- 6.2 **MS** Hierdie gedig het reeds in 1973 in 'n digbundel verskyn. Tog word dit vandag steeds gelees en bestudeer. Bespreek of die **beeld van hierdie spreker** steeds in 2019 relevant is. (2)
- 6.3 **MS** De Jager se gedig, asook "Die kind wat doodgeskiet is deur soldate by Nyanga" van Ingrid Jonker (Teks 5 in die Addendum), druk 'n bepaalde siening van die Afrika-kontinent uit. Watter gedig pas die beste by jou eie siening van hierdie kontinent? Motiveer jou antwoord. (3)

[7]

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

Lees die gedig "Toe jy kind was" deur N. P. van Wyk Louw (Teks 7 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

- 7.1 Hoekom dink 'n kind dat groot en goeie dinge uit hom/haar sal kom? Gee TWEE redes. (2)
- 7.2 Die stelling "soos 'n seun moet dink, natuurlik" (in versreël 4) is deesdae nie meer aanvaarbaar nie. Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. Indien nodig, gee 'n meer aanvaarbare alternatief vir die versreël. (2)
- 7.3 Wat is die implikasie van die herhaling van die woord "eenvoud" in versreël 8 tot 10? (1)
- 7.4 **MS** Hierdie gedig skep 'n kontras tussen die manier waarop 'n kind oor die lewe dink en die ontwikkelde insig en wysheid van 'n volwassene. Verduidelik in die konteks van die hele gedig wat deur die "gesprikkelde sampioene" (versreël 11) en die "teer" (versreël 12) uitgebeeld word. (3)
- 7.5 Motiveer dat versreël 15 'n oortuigende slotsom vir hierdie gedig bevat. (2)
- [10]**

30 punte

AFDELING C VISUELE GELETTERDHEID EN KRITIESE TAALBEWUSTHEID**VRAAG 8 ADVERTENSIE**

Bestudeer die advertensie vir die Adventure Lifestyle Show (Teks 8 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

- 8.1 Bespreek twee betekenis wat deur die logo/embleem van die Adventure Lifestyle Show wat boaan die advertensie verskyn, gesuggereer word. (2)
- 8.2 Onder die opskrif "Maak avontuur jou leefstyl" verskyn drie foto's. Watter **een** van hierdie drie foto's beeld vir jou die aanloklikste leefstyl uit? Motiveer jou keuse. (2)
- 8.3 Bespreek die gepastheid van die **grafiese elemente** (die foto's en veral die ontwerp en bladuitleg) vir die leefstyl wat hier geadverteer word. (2)
- 8.4 Die teks of kopié van die advertensie is uiters swak geredigeer.
- 8.4.1 Skryf 'n woord uit die teks neer waarin 'n **koppelteken onnodig gebruik** word. Verduidelik waarom die koppelteken onnodig is. (1)
- 8.4.2 Skryf 'n woord uit die teks neer waarin 'n **koppelteken weggelaat** is. Verduidelik waarom 'n koppelteken nodig is. (1)
- 8.4.3 Skryf 'n frase uit die teks neer waarin 'n **verkeerde voorsetsel** gebruik word. Verskaf ook die korrekte voorsetsel. (1)
- 8.4.4 Skryf 'n woord uit die teks neer wat **verkeerd gespel** is. Skryf ook die korrekte spelling neer. (1)
- [10]**

VRAAG 9 SPOTPRENT

Bestudeer die spotprent deur Fred Mouton (Teks 9 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

- 9.1 Noem EEN visuele leidraad wat daarop dui dat die gasheer (die man in die kombuis) **bedagsaam** teenoor sy vrou optree. (1)
- 9.2 **Beskryf** die gasheer en gasvrou se emosionele reaksie op die gas se woorde en **gee besonderhede** uit die spotprent om jou antwoord te staaf. (3)
- 9.3 Dui aan of die onderstaande stelling WAAR of VALS is en bied **een bewys** uit die spotprent aan wat jou standpunt ondersteun.
- Die gaste is bekommerd oor hulle kinders se veiligheid.** (1)
- 9.4 **MS** Bespreek die volwasse gaste se gemaksgug in terme van wat hulle in die spotprent doen en wat hulle nie doen nie. (3)
- 9.5 Hoe vergelyk die gedrag van die gaste se kinders met die gedrag van die kind wat by die gasvrou staan? (2)
- [10]**

20 punte

Totaal: 100 punte